Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JUNIE 2015

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

KLEINTJIES BAAT BY DIE NICOLETTE-TRUST

Die *Overstrand-meestersgholfdag* wat verlede jaar in Desember gehou is, het regstreeks tot voordeel gestrek van tot soveel as 120 kinders wat by die Flower Valley-program vir vroeëkinderontwikkeling (VKO) ingeskryf is. Die gholfdag se opbrengste is op Woensdag 6 Mei tydens 'n seremonie in Masakhane deur Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie aan die Flower Valley- bewaringstrust oorhandig.

Die gholfdag is deur Overstrand se toerisme-ambassadeur, Bob Skinstad, georganiseer en deur Seartec, verspreiders van Sharp, geborg. Dié dag het via die Nicolette-Trust R35 000 vir Flower Valley se VKO-program geïn. Die opbrengste gaan gebruik word om vyf VKO-sentrums in die Gansbaai area met noodsaaklike items toe te rus.

Kinders by die Good Hope-VKO-sentrum doen 'n paar danspassies om die Burgemeester, Overstrand en ander bydraers te bedank vir die opbrengste wat die Overstrand-meestersgholfdag opgelewer het.

Volgens die Burgemeester word "die Nicolette-Trust gebruik om 'n veilige, gesonde en stimulerende leeromgewing tot stand te bring". Sy het bygevoeg dat die gholfdag se sukses aan vennootskappe toegeskryf kan word en het 'n spesiale woord van dank aan Bob Skinstad en sy span gerig.

Gabrielle Jonker, koördineerder van Flower Valley se VKO-program wat as "Nurture" bekend staan, het gesê dat die program tans nagenoeg 120 kinders en 18 praktisyns bereik. Die trust hoop om teen 2018 tot soveel as 700 kinders by sentrums oral in Overstrand sowel as deur tuisgebaseerde sorg in landelike gebiede te bereik.

Jonker sê, "Hierdie projek gaan in hoofsaak oor kinders. Maar aangesien die VKO-sektor histories erg gemarginaliseer is, gaan dit ook oor vroue. As 'n projek werk ons dus ook aan die ekonomiese emansipasie van daardie vroue wat as praktisyns werk."

Flower Valley-bewaringstrust, 'n organisasie sonder 'n winsoogmerk binne die Gansbaai-area, ondersteun reeds die afgelope 16 jaar VKO en ontvang sedert 2013 finansiële steun vanaf die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling vir die ondersteuning van vyf sentrums in die gebied.

Die oorhandigingsplegtigheid het by die Good Hope-VKO-sentrum plaasgevind. Voorheen was hierdie sentrum in 'n informele woning gehuisves, maar deesdae word dit vanuit 'n munisipale gebou in Masakhane bedryf met vyf praktisyns wat na 43 kinders omsien.

Die Burgemeester het bevestig dat 'n tweede *Overstrand-meestersgholfdag* vanjaar op 20 November by Arabella aangebied gaan word, en het bygevoeg dat "nou kan ek aan diegene wat by dié dag betrokke is, wys wat ons met die geld gedoen het en dat ons van voorneme is om aan te hou daarmee".

OUDITKOMITEE HERSAAMGESTEL

Ter erkenning vir hulle aansienlike bydrae om te verseker dat Overstrand finansieelgesproke "nie die spoor byster raak nie", het uittredende ouditkomiteelede Jacobs en Lawrence elk 'n klein blyke van waardering van Uitvoerende Burgemeester Botha-Guthrie ontvang.

Na die verstryking van twee van sy lede se ampstermyne sal Overstrand se ouditkomitee in die toekoms soos volg daaruitsien: mev KE Montgomery (voorsitter), mnr H Liebenberg (wat ook as voorsitter van Overstrand se prestasie-ouditkomitee sal dien), mnr HPA Beekman en mnr B van Staaden (wat op beide die oudit- en die prestasie-ouditkomitee sal dien).

In haar afskeidswoorde aan die uitgaande lede, het Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie daarop gewys dat beide mnre Wollie Jacobs en Graham Lawrence met ongelooflike diensrekords kan spog wat oor baie jare heen strek: Lawrence was 'n dienende lid sedert 2005 en Jacobs sedert 2007.

KASSIERE BY ADDISIONELE HOF SLAG-GEREED

Sedert die ingang van Mei kan alle verkeer- en munisipale hofboetes by die Addisionele Hof in Hermanus vereffen word. Boetes kan vanaf 08:00 tot 13:00 en 13:45 tot 15:00 op weeksdae vereffen word, en moet vergesel word van óf die boete soos uitgereik óf die ID-dokument van die oortreder.

Die Addisionele Hof word gehuisves in Harmony House wat aan die westelike kant van Overstrand se kantore in Hermanus geleë is.

Rig asseblief enige navrae in hierdie verband aan die hoftoesighouer, Ynanda Lemmer, by 028 313 8924.

HARTLIK GELUK AAN GANSBAAI wat onlangs as algehele wenner in 2015 se *African Responsible Tourism Awards* aangewys is en op die koop toe met drie goues in individuele kategorieë weggestap het. Te oordeel aan die foto, glo Gansbaai se toerismebestuurder Glenda Kitley (middel) en die hoof-uitvoerende beampte van Wesgro, Tim Harris, sowel as Better Tourism Africa se besturende direkteur, Heidi van der Watt, dat Overstranders rede het om te glimlag oor die wyse waarop toerisme in die omstreke so volhoubaar en verantwoordelik ontgin word.

KARETSKILPAAIE IS AAN DIE UITSPOEL LANGS ONS KUS

'n Beroep word op die publiek gedoen om aktief op die uitkyk te wees vir enige skilpaaie wat langs ons kus uitspoel.

Tussen April en Junie elke jaar, spoel onvolwasse seeskilpaaie gereeld op die strande van Kaapstad en omstrek uit, weens rowwe seetoestande en sterk winde.

Wat jou te doen staan:

- Verwyder die skilpad van die strand.
- Hou dit droog en teen kamertemperatuur - MOET NIE die skilpad in water sit nie.
- Plaas die skilpad in 'n houer met voldoende luggate. MOET NIE water of sand in die houer sit nie; gebruik eerder 'n klein handdoek.
- Maak 'n aantekening van presies waar, wanneer en hoe laat die skilpad gevind is.
- Kontak Overstrand se omgewingsbestuurafdeling by **028 316 3724** of skakel die beheerkamer by **028 313 8111**.
- Na ure kan die skilpad by jou naaste brandweerstasie afgelaai word en hulle sal 'n omgewingsbeampte kontak.

Die skilpaaie se lot

Munisipaliteit Overstrand en CapeNature, in samewerking met die South African Shark Conservancy, sal seker maak dat die skilpaaie tydelik gehuisves word totdat hulle na die Twee Oseane-akwarium verskuif kan word. Hier sal hulle gerehabiliteer en versorg word totdat hulle sterk genoeg is om na uShaka Sea World in Durban te verhuis waar hulle in die warmer waters langs die KwaZulu-Natal-kus vrygelaat sal word.

ELKE VERDIENSTELIKE POGING BELOON

Hoe ruilwinkels die harte van Overstrand se manhaftigste herwinners verbly

Hierdie feit is dalk nie algemeen bekend nie, maar die gedagte agter "Recycle Swop Shops" het sy oorsprong aan Zwelihle te danke. In 2003 het 'n plaaslike inwoner, Marilyn van der Velden, met die idee vorendag gekom dat kinders deur herwinning gehelp kan word om hulleself te help, en vandag vind hierdie konsep, wat die beginsel "beloning vir poging" vaslê, oral in Suid-Afrika inslag met die Wes-Kaap wat met nie minder nie as 29 ruilwinkels spog.

Die konsep werk só: In die loop van die week maak kinders herwinbare artikels (glasbottels, blikkies, papier en plastiek) bymekaar en, een keer per week wanneer die winkel sy deure open, ruil hulle dan hierdie artikels vir allerhande verhandelbare items soos skryfbehoeftes, boeke, speelgoed en klere. Die sakke met die herwinbare items wat deur die kinders afgelewer word, word geweeg en, gegrond op die gewig, word 'n sekere aantal punte toegeken. Hierdie punte kan dan óf onmiddellik in ruil vir 'n spesifieke item opgeëis word, óf die punte kan "gebank" word sodat 'n groter item volgende keer opgeëis kan word.

Oorhoofs help die "swop shop"-konsep om die beginsel in te burger dat 'n bietjie moeite groot belonings kan verdien, en dat om te sorg dat die omgewing nie deur onooglike, herwinbare afval ontsier word nie tot almal se voordeel kan strek.

Ruilwinkels word deur vrywilligers bedryf onderwyl die munisipaliteit hulp verleen om die herwinde artikels na die onderskeie herwinnings-depots te vervoer. Na raming dra die pogings van hierdie manhaftige herwinners daartoe by dat 'n aansienlike hoeveelheid afval, wat andersins vir grondopvullingsterreine bestem sou wees, herlei word. Om die waarheid te sê, om maar een voorbeeld te noem, danksy die bydrae van ongeveer 120 kinders eindig sowat 150 ton afval jaarliks nie by Gansbaai se grondopvullingsterrein op nie.

Enigeen wat graag sou wou bydra tot ons kinders se pogings om ons strate, strande en oseane skoon te hou, kan dit doen deur ware soos speelgoed, klere en basiese lewensmiddels soos blikkieskos, mieliemeel, stampmielies, ensovoorts te skenk. Selfs daardie lawwe "wit olifant" waarvoor jy nie langer enige nut het nie, is welkom!

Om meer te wete te kom van die ruilwinkels wat in Zwelihle, Stanford en Gansbaai bedryf word, kontak Narina Howard by 084 339 5768 (narina@wol.co.za), Elma Hunter by 082 892 9507 (elmahunter@gmail.com) of Charmaine Beukes by 083 728 4833 (charmaine@whitesharkprojects.co.za).

"BLINKIES BUTTON SHOES" VERLEEN 'n BIETJIE KLEUR AAN BAIE SE LEWENS, IN MEER AS EEN OPSIG

Met knope te kies en te keur, kan die vroue hul kreatiwiteit vrye teuels gee – soos hierdie voorbeelde van die eindproduk getuig.

Met werkskepping as hoofdoel en 'n voorneme om die werkloosheidsprobleem te verlig waaronder so baie mense in ons land gebuk gaan, het die Hermanus-gebaseerde *Blinkies*-projek in Oktober 2014 'n aanvang geneem.

Vroue in Zwelihle wat voorheen nie 'n werk gehad het nie, is aangestel om knope aan skoene te werk, en dit is in wese waarop hierdie projek neerkom. Sedert die indiensneming van die eerste twee vroue, is meer as 45 000 knope met die hand aan 'n verskeidenheid skoene, maar meesal Tomy Takkies, vasgewerk om die vroue sodoende van 'n redelike inkomste ter ondersteuning van hul gesinne te verseker.

Elke paar *Blinkies* is uniek en word in 'n verskeidenheid grondkleure geproduseer, met groottes wat wissel van nommerdries vir babatjies tot nommersewes vir volwassenes.

Die voorneme is om hierdie projek uit te bou en meer indiensnemingsgeleenthede te voorsien, veral gegewe dat die stigter en koördineerder, John Cowan, tans moontlikhede ondersoek om hierdie "enig-in-hul-soort"-skoeisels aan die wêreldmark bekend te stel. Aangesien *Blinkies* ook staat kan maak op Burgemeester Botha-Guthrie se onderskraging in die vorm van 'n brief waarin sy die produk by voornemende kopers aanbeveel, sal hierdie projek ongetwyfeld van krag tot krag gaan.

Blinkies word deur stalletjies op die Hermanus-mark aangehou, en enigeen wat meer te wete wil kom, is welkom om die webportaal https://hellopretty.co.za/ of die Facebook-bladsy "Blinkies Button Shoes" te besoek. Indien u graag op watter wyse ook al die *Blinkies*-projek sou wou ondersteun, tree gerus in verbinding met die projekkoördineerder via die kontakbesonderhede wat op hierdie werwe verskaf word.